NHKA

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Die KPO Posduif

# DIE KPO POSDUIF

**AUGUSTUS 2026** **Kempton Park Oos 74 West Rd Brentwood Park**

## DUIWEHOK

**Wat gebeur hierdie maand by KPO...**

- **Saterdag 1 Augustus 2026**
  Gemeentefunksie: Agterstevoor troue
- **Sondag 2 Augustus 2026**
  Erediens 9:00 Ds Anneline Geyer
- **Sondag 9 Augustus 2026**
  Erediens 9:00 Ds Mariët Robbertze
- **Sondag 16 Augustus 2026**
  Erediens 09:00 by Zuurfontein
- **Sondag 23 Augustus 2026**
  Erediens 9:00 Dr Wimpie van Schoor
- **Sondag 30 Augustus 2026**
  Erediens 09:00 Ds Marlize Gasson

**Aan die broei:**

- **Sondag 7 September 2026**
  Erediens 09:00 Nagmaal
- **Saterdag 24 Oktober 2026**
  Bikes en Beetles Basaar—tema: Dis lekker by die see!

NEEM KENNIS









*Spreuke 3:15 Sy is kosbaarder as koraal; niks wat jy begeer, kan met haar vergelyk word nie*

*Spreuke 31: 10 'n Knap vrou is baie werd, baie meer as korale*

*Lukas 1:45 Geseënd is sy wat glo dat die Here sal vervul wat Hy aan haar beloof het*

## OORDENKING: VROUEMAAND

***Tema: "Jy is kosbaar in God se oë"***

**Skriflesing: "Omdat jy vir My kosbaar is, omdat Ek jou hoog ag en jou liefhet, gee Ek mense in jou plek, volke in ruil vir jou lewe." Jesaja 43:4**

**Vrouemaand herinner ons aan die besondere rol wat vroue in gesinne, gemeentes en die samelewing vervul. Tog voel baie vroue soms uitgeput, ongesiens asof hulle nooit genoeg doen nie. Die wêreld meet dikwels 'n vrou se waarde aan haar voorkoms, prestasies of sukses. God doen dit nie.**

**Wanneer die Here in Jesaja 43 sê: "Jy is kosbaar in my oë," praat Hy met sy verbondsvolk wat deur moeilike tye gegaan het. Hulle het onseker, moedeloos en verlate gevoel. Juis dáár herinner God hulle dat hulle waarde nie bepaal word deur hul omstandighede nie, maar deur Sy liefde.**

**Dieselfde waarheid geld vandag vir elke vrou. Jy is kosbaar omdat God jou geskape het. Jy is nie 'n fout of 'n toeval nie. Elke talent, elke gawe en elke deel van jou lewe is deur Hom gevorm.**

**Psalm 139:14 sê: "Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep"**

**God ken jou vreugdes én jou trane. Hy sien die ma wat haar kinders met liefde grootmaak, die vrou wat haar familie dra, die een wat alleen voel, die jong meisie wat haar plek in die wêreld soek, en die ouma wat steeds met haar geloof 'n nalatenskap bou.**

**Die Bybel is vol vroue wat deur God gebruik is:**

- **Rut het getrou gebly toe die toekoms onseker was.**
- **Ester het moed getoon toe ander bang was.**
- **Maria het in geloof "ja" gesê vir God se roeping.**
- **Maria Magdalena was een van die eerste getuies van Christus se opstanding.**

**Hulle was nie volmaak nie. Hulle was gewone mense wat op 'n buitengewone God vertrou het. God vra nie dat jy perfek moet wees nie. Hy vra dat jy Hom sal vertrou.**

**Spreuke 31:30 herinner ons: "Uiterlike skoonheid hou nie, 'n mooi voorkoms is nie alles nie; as sy die Here dien, dán verdien 'n vrou om geprys te word."**


**Ware skoonheid lê nie in wat die spieël wys nie, maar in 'n hart wat aan God behoort. Wanneer jy in Christus jou identiteit vind, hoef jy nie jou waarde by ander se goedkeuring te soek nie. Jy mag elke dag leef met die wete: Ek is geliefd. Ek is kosbaar. Ek behoort aan God.**

**Mag hierdie Vrouemaand jou herinner dat die Here jou sien, jou ken en jou oneindig liefhet. Mag jy elke dag met nuwe moed leef, omdat jou waarde vasstaan in Christus en nie in die wêreld se maatstawwe nie.**

***Gebed***

**Hemelse Vader, dankie dat U elke vrou met liefde geskape het en haar kosbaar ag. Dankie dat ons identiteit nie lê in wat mense van ons dink nie, maar in U liefde en genade. Gee aan elke vrou nuwe krag wanneer sy moeg is, moed wanneer sy onseker voel en vrede wanneer bekommernisse haar oorweldig. Vul haar hart met die sekerheid dat sy waardevol is in U oë en dat U haar elke dag dra. Seën die moeders, dogters, susters, oumas en elke vrou wat ander met liefde dien. Help hulle om U lig uit te straal waar hulle werk, woon en leef. Mag hulle altyd onthou dat niks hulle van U liefde kan skei nie. Amen.**

# TJIRP VERJAARSDAE



**BAIE GELUK aan almal wat in Augustus verjaar—baie seën en voorspoed word julle toegewens!!!**

| | | |
|---|---|---|
| Van den Berg | Liam | 08/01 |
| Van Deventer | Gerhard | 08/01 |
| Van Tonder | Charl (Sarel) | 08/01 |
| Engelbrecht | Hennie | 08/02 |
| Korf | Wian | 08/02 |
| Ras | Hettie | 08/02 |
| Van Der Linde | Frieda | 08/02 |
| Vermeulen | Arina | 08/02 |
| Jooste | Leanne | 08/03 |
| Lamprecht | Monique | 08/03 |
| Abbott | Joggie | 08/04 |
| Scherman | Francois | 08/04 |
| Jacobs | Lourens | 08/05 |
| Van Zyl | Emmie | 08/05 |
| Marx | Dalena | 08/06 |
| Korf | Nadia | 08/08 |
| Nel | Ina | 08/08 |
| Esterhuizen | Sias | 08/09 |
| Hartman | Zelri | 08/10 |
| Breedt | Flippie | 08/11 |
| Fick | Reon | 08/12 |
| Van Der Linde | Corrie | 08/12 |
| Mostert | Eduard | 08/13 |
| Botha | Lynne | 08/15 |
| Pretorius | Anita | 08/15 |
| Swanepoel | Lukas | 08/15 |
| Du Preez | Anrie | 08/16 |
| Badenhorst | Jane | 08/17 |
| Wolmarans | Ester | 08/18 |
| Mans | Veronica | 08/19 |
| Kuhn | Oswald | 08/20 |
| Prinsloo | Jan | 08/20 |
| Taute | Mary | 08/22 |
| Oosthuizen | Suzette | 08/23 |
| Keyter | Roxanne | 08/25 |
| Malan | Jaco | 08/25 |
| Esterhuizen | Mara | 08/26 |
| De Beer | Elmarie | 08/28 |
| Du Preez | Martie | 08/29 |
| Pretorius | Armand | 08/30 |
| Truter | Danie | 08/31 |




## Ons kontaknommers

**Predikant:**

**Ds. Anneline Geyer** 082 924 7344
ds.anneline@gmail.com

**Kantoor:**

**Natasha Grimsell** 083 298 4079

Kantoor ure: 8:00 tot 13:00 Maandag tot Vrydag en Sondae oggende na erediens

0865185585 ( Faks); nhk@kpo.co.za

**Skriba:**

**Hansie Hartman** 083 271 8234
hansie@kpo.co.za /skriba@kpo.co.za

**Diakonale hulp / Barmhartigheid:**

**Andrè Beukes** 083 692 8237

**Finkom Voorsitter:**

**Gerrie Oosthuizen** 082 95 20144
goosthuizen18@gmail.com

**Posduif redaksie:**

posduif@kpo.co.za

**"Like" gerus ons Facebook blad.**

**Preekskakels word weekliks hier gedeel. Vers van die dag. Gemeente aktiwiteite en hoogtepunte.**

**Sluit gerus aan en volg ons by:**

**https://www.facebook.com/NHKKPO**

**Is jou persoonlike inligting op datum by die kerkkantoor?**

*Laat weet ons asb indien enige van u inligting verander bv. telefoonnommer, adres, huwelikstatus.*

*Stuur u opdateerde inligting aan:*

*nhk@kpo.co.za*

**!!!! Ons kuier Sondae gesellig saam by die teetafel !!!!**

**Bring asb. as u kan, koffie, suiker, langlewe melk en vrugtesap.**

**Ons het nog BAIE tee!**

**Dankie vie diegene wat gereeld bydra**

## Mossies:



**Gereelde byeenkomste vir ons seniors. Hou gerus die aankondigings dop en sluit aan by die whatsapp groep**

**Almal welkom!**





**Willem en John skrop die fontein (in die koue)! Volgens John was die fontein laas in 2023 skoongemaak . Dankie manne dat jul alles so mooi in stand hou!**

**NEEM KENNIS**




**Augustus maand is Vrouemaand. Gedurende Augustus sal daar elke week oor 'n vroulike Bybel karakter gepreek word. Vir hierdie maand roteer predikante van die Ring en ons buurgemeente Benoryn. Elke prediker bring 'n unieke karakter tot nuwe lewe deur die prediking. Ons hoop om almal by die eredienste te sien.**

TJIRP

# MANIERE VAN GEE / BANKBESONDERHEDE / FINANSIES

HET JY GEWEET: ons moet byna R2.3 miljoen insamel in 'n jaar om ons gemeente te laat voortbestaan? Baie dankie vir jou aandeel in ons voortbestaan!




Hierdie is die KERK, Gemeente KPO se bankrekening.

Hier betaal ons ons offergawe, aankope, donasies ens. in. Hiermee sorg ons vir die instandhouding van ons poste, ons terrein, geboue, sinodale heffings en verpligte uitbetalings




Hierdie is steeds die NHSV se bankrekening.

Die fondse, saam met bydraes van die Diakonie, word gebruik vir uitreik na die gemeenskap en gemeente, sowel as bydraes tot ons kerk se ouetehuise & pleegsorghuise







Hierdie is die DIAKONIE se bank -rekening.

Hier betaal ons, ons deurkollekte & donasies vir barmhartigheid in. Die diakonie help gesinne / individue in nood.




**Offergawe** doelwit vir die nuwe Finansiële Jaar Maart 2026 tot Feb 2027 om ons Koninkrykswerk te kan doen *is* ***R 1 816 000.00*** . ***Jaar tot datum:*** Ontvang *R 553 182.00 Tekort vir die jaar R 1 262818.00*

***Junie 2026***

***Offergawe inkomste ontvang:*** R 125 967.00

***Offergawe begroot****:* R 151 582.00

**FINANSIËLE JAAREINDE STATE JUNIE 2026**


| | |
|---|---|
| Inkomste ontvang : | R 223 702.00 |
| Begrote Inkomste : | R 254 334.00 |
| Uitgawes: | R 167 608.00 |
| Begrote uitgawes: | R 199 566.00 |

Indien u enige navrae het oor gemeente finansies. Kontak Natasha by kantoor.

# GEMEENTEFUNKSIE: AGTERSTEVOOR BRUILOF 1 AUGUSTUS 2026































**AGTERSTEVOOR TROUE BRING GROOT LAG EN GROOT SEËN!** Ons Agterstevoor Troue was 'n heerlike oggend vol lag, pret en goeie geselskap. Al was die produksiespan se senuwees voor die tyd maar aan flarde, het die woorde op die dag self soos stroop gevloei. Die knope in ons mae het vinnig ontknoop toe ons die gehoor sien skaterlag en hulself gate uit geniet oor al die mannewales. Dit was vir almal 'n geleentheid om sommer net lekker simpel te wees, vir mekaar te lag en ook vir jouself. Die voorbereiding, oefeninge en saam kuier het die produksiespan nader aan mekaar gebring, en die ondersteuning en kameraadskap wat daaruit gegroei het, was net so spesiaal soos die opvoering self. Baie gemeentelede het ook die gees van die dag aangegryp deur self agterstevoor aan te trek, wat beslis tot die pret en sukses van die geleentheid bygedra het. Ons is dankbaar om te kan deel dat die funksie 'n fantastiese wins van R28 259,21 opgelewer het. Hierdie fondse word weer teruggeploeg in ons bedieninge en dra by tot die groter doel waarvoor die KPO werk. 'n Opregte dankie aan elke persoon wat op enige wyse bygedra het om van hierdie dag so 'n groot sukses te maak. 'n Spesiale word van waardering aan Natasha Grimsell vir harde werk en uitstekende organisasie—jy het jouself oortref en grootliks bygedra tot die sukses van die funksie!

# GEMEENTEFUNKSIE: AGTERSTEVOOR BRUILOF 1 AUGUSTUS 2026



# ONS GENIET DIE DAG SAAM MET DIE BESKERMDE WERKSPLEK!

NHK
Kempton Park Oos
Parkrun
















**’N OGGEND VAN GEMEENSKAP, BARMHARTIGHEID EN SAAMWEES**

Op Saterdag 18 Julie het ons as gemeente ’n besonderse oggend by Homestead Lake beleef toe ons die mense van die Beskermde Werksplek genooi het om saam met ons te kom baljaar, kuier en gemeenskap te bou.

Dit was ’n heerlike oggend vol lag, gesels en baie foto’s! Ons het mekaar beter leer ken, nuwe vriendskappe gevorm en sommer net lekker saam tyd spandeer. Sewe-en-twintig lede van die Parkrun-groep het vanoggend bymekaargekom om te help om van hierdie dag ’n groot sukses te maak. Ons is ongelooflik dankbaar vir elkeen van hierdie aktiewe lede. Sonder hulle ondersteuning en betrokkenheid sou ons nie die wonderlike werk van hierdie barmhartigheidsgroep kon doen nie.

As deel van ons barmhartigheidsprojek het ons gemeentelede toiletwarepakkies saamgestel om aan die Beskermde Werksplek te skenk. Ons is ongelooflik dankbaar dat ons altesaam 41 toiletwarepakkies uit die gemeente kon bymekaarmaak en vandag aan die Beskermde Werksplek kon uitdeel.

Ons wil uit die diepte van ons harte baie dankie sê aan elke gemeentelid wat bygedra het tot die pakkies, asook aan elke persoon wat gehelp het om die oggend moontlik te maak. Julle liefde, omgee en bereidwilligheid om te dien het ’n ongelooflike verskil gemaak.

Die doel van hierdie dag was meer as net ’n lekker oggend saam. Dit was ’n geleentheid om barmhartigheid uit te leef, gemeenskap te bou en die Beskermde Werksplek nog meer deel van ons gemeente-familie te maak.

Ons is dankbaar vir elke persoon wat deel was van hierdie spesiale dag. Wat ’n ongelooflike oggend van liefde, omgee, lag en saamwees!

Saam hardloop. Saam deel. Saam maak ons ’n verskil.




## Bikes en Beetles basaar—24 Oktober 2026

BASAAR!

**BIKES EN BEETLES BASAAR—24 OKTOBER 2026**

"Vroue met Vlerke" is reeds besig met reëlings vir die basaar op 24 Oktober 2026. Dui asseblief aan by watter stalletjie/s u kan help op die dag van die basaar deur op die whatsapp groep te kliek. Woon asseblief die volgende vergaderings by sodat u insette kan lewer en op die hoogte kan bly. Sien ook ons advertensie verder onder-toe in die nuusbrief.








## Hupstoot tot herstel:

Ons gebruik hierdie bediening om lidmate en nie-lidmate te help in tyd van herstel.

Indien u enige mediese mobiliteitstoerusting tuis het wat in onbruik is, skenk dit asb vir ons Hupstoot tot Herstel bediening óf indien u weet van iemand wat mediese toerusting benodig, kontak gerus vir Ingrid vir meer inligting. Eerste drie weke se gebruik is gratis, daarna word n fooi per week gehef.



## Proppies en broodknippies:

Ons proppies projek vaar uitstekend en ons bedank almal wat getrou proppies bring. Onthou, ons kry 'n rolstoel vir elke 500 kg. Broodknippies word ook steeds versamel en kan in die houer in die kerk geplaas word.

Saam maak ons 'n GROOT verskil in die lewens van ander!






## Beskermde werkplek:

Op Saterdag, 18 Julie, het ons die voorreg gehad om saam met die lede van die Beskermde Werksplek by Homestead Lake Parkrun te stap. Ons het hulle ook bederf met toiletware pakkies as 'n klein gebaar van liefde. Ons bedank almal vir hul bydraes, ons het weereens gewys wat ons gemeenskap kan doen wanneer ons hande en harte saamwerk. Dankie vir julle omgee en ondersteuning.




## Wit Olifant Winkel:

**Kom maak gerus 'n draai by Wit Olifant Winkel!**

Ons benodig deurlopend nog items vir die Wit Olifant Winkel—die nood is groot daar buite: klere, skoene, komberse en kombuisware word benodig—kontak gerus vir Sonet du Toit en Elize Breytenbach (klere) of Ingrid Blignaut en haar broer Antonie vir meer inligting.






## Woeker Wiele:

Na aanleiding van verskeie gevalle waar lidmate sukkel met vervoer om by dokters, hospitale ens. uit te kom, wil ons 'n versoek rig aan almal wat kan help om in sulke gevalle ons lidmate betyds by hul bestemming te kry. Indien u bereid is om deel te word van die bediening—gee asseblief u naam op by Ds Anneline.

Kloekhoek

# IS JOU NOODPLAN IN PLEK???




## HET JULLE 'N NOODPLAN IN PLEK???

*~ saamgestel deur die ONS GOUE JARE-redaksie ~*

Wanneer 'n noodgeval gebeur, is dit te laat om eers te begin wonder: Wie moet ons bel? Waar is die huissleutel? Wie weet watter medikasie Ma of Pa gebruik?

'n Noodplan hoef nie ingewikkeld te wees nie, maar dit moet duidelik wees.

Skryf die volgende neer en plaas dit waar almal dit maklik kan kry:

- Die nommer van die persoon wat eerste gebel moet word
- 'n Tweede kontakpersoon indien die eerste een nie antwoord nie
- Noodnommers vir ambulans, polisie, sekuriteit en die huisdokter
- 'n Lys van medikasie, allergieë en belangrike mediese toestande
- Die ligging van 'n ekstra huissleutel
- Besonderhede van die mediese fonds
- Wie die troeteldiere of huis moet versorg indien iemand hospitaal toe gaan

Maak ook seker dat 'n betroubare familielid, buurman of vriendin weet waar die nood-inligting en spaarsleutel gehou word. Moenie 'n sleutel op 'n ooglopende plek buite wegsteek nie.

Die belangrikste vraag is: Wie neem beheer wanneer almal paniekerig raak?

Praat vandag nog daaroor. 'n Eenvoudige gesprek en een bladsy met korrekte besonder-hede kan kosbare tyd bespaar wanneer elke minuut tel.

Klik hier en lees gratis:

https://onsgouejare.co.za/index.php/tydskrif Sukkel die blad om oop te maak? Lees dit alternatiewelik hier: https://onsgouejare.co.za/tydskrif/

ONDERSTEUN ONS BURE! Dit beloof om 'n prettige Duitse dag te wees!




SKUD REG JUL VERE!






Alida Liebenberg is die wenner van ons "Strome Lewende Water" kombers!

Oktober is dit weer ons jaarlikse Bikes & Beetles BASAAR. Hierdie jaar is ons tema: "Dis lekker by die see". Uitstallers is welkom. Enige handgemaakte produkte welkom. Stalletjies vanjaar slegs R250 per stalletjie. Ons soek vanjaar baie uitstallers en baie voete. Hou solank die datum oop vir 'n heerlike dag van gesinspret. Soos elke jaar sal ons ook weer ons Bikes en Beetles skou hou. Dus as jy weet van iemand met 'n motorfiets, Beetle, Buggy, of enige ander voertuig wat hul wil inskryf is hulle baie welkom. Hierdie is ook 'n oproep vir enige iemand wat by ons kosstalletjies betrokke wil raak. Kom meld aan en wees diensbaar. Wees deel van die KPO Basaar gees, wat nêrens anders te vinde is nie. Vir enige navrae kontak Ds Anneline 0829247344

Kloekhoek

# ADVERTENSIES







BOSSA
★★ 3 ★★
KEMPTON PARK
HANDMADE IN CAPE TOWN




The SPECTACLE CORNER
Optometrists EST.2014
O'Reilly Merry 49 Straat Benoni
Tel: 011 425 0071/3491







**'N BYBEL OP JOU RAK KAN HOOP IN IEMAND ANDERS SE HANDE WORD!!!**

Baie van ons het Bybels wat oor die jare opgegaar het: 'n ou vertaling, 'n ekstra geskenk, of 'n Bybel wat nie meer gebruik word nie. Terwyl dit dalk stil op 'n rak staan, is daar mense wat daarna verlang om God se Woord in hul eie hande te kan hou.

Mag ons saamwerk sodat meer mense die troos, leiding en hoop van die evangelie kan ontvang.

"U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad." (Psalm 119:105)

Bring u Bybels gerus na die kerkkantoor of die aangewese versamelpunt by die kerk. Gee God se Woord die geleentheid om nóg 'n lewe aan te raak.

# VOORBIDDING

Olyftak

**Hy gee die vermoeide krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie. *Jesaja 40:29***

- Shaylin le Roux—was die slagoffer van 'n kaping en is geskiet—ons bid vir haar volkome herstel
- Miemie se swaer Hennie Moller, ons bid vir sy volkome herstel
- Ons bid ook vir Jacqui Lovell wat chemobehandeling ontvang
- Ons bid steeds vir Lettie Boshoff se kleinseun Duncan vir volkome genesing
- Elna van der Linde se stiefpa, André van Rensburg het blaaskanker en moet chemobehandeling kry—ons bid vir die lang pad vorentoe
- Oom Rassie se operasie was suksesvol en hy sterk tuis aan
- Oom Louis sterk tuis by sy dogter aan na sy beroerte. Bid asb vir hom en tannie Magriet dat hulle vinnig sal aanpas in Potchefstroom
- Ons dank die Here vir sy Genade en Liefde vir ons. Vir gebede wat verhoor is, genesing wat gekom het en vir Sy vrede in ons harte



## Kuikens

Kleur die prent in!




## Eksamen Survival Kit

Wees 'n Smarties -pants en hou die eksamen aan Jesus vas.

Saam met Jesus is jy 'n Wenner en gaan jy 'n 5Star eksamen hê.

As jy sukkel onthou: Chomp Christus Help Ons Met Probleme.

Onthou jy kan nie net heeltyd leer nie: Take a Break take a KitKat

Mag jy hierdie eksamen Crunchie saam met Jesus wat jou die krag gee.

*Love You Lots Like...*

BAIE STERKTE! Aan al ons kinders wat eersdaags met eksamen begin! Hou jou kop omhoog en fokus—ons is reeds trots op julle almal!

Mag die Here jou seën met 'n helder verstand en kalmte. "Wees sterk en dapper, moenie bang wees nie..." — Josua 1:9


EKSAMENGEBED
(Verwerking Van Psalm 23)

Die Here is my herder
waarvoor sal ek bang wees?
Hy laat my die eksamenkamer
rustig binne gaan.

Hy verlig my verstand
Hy lei my in die kennis
van geleerdheid
om Sy Naams ontwil.

Al kyk ek na die vraestel
en die vrae is moeilik
sal ek kalm bly,
want Hy is met my.

Die goedheid van my onderwysers
en wat hulle my geleer het,
sal vrug dra en ek sal leef
om Sy Naam te loof
tot in ewigheid.



ANTWOORDE VAN JULIEMAAND SE VRAE: 1. Skeppingsverhaal; 2. Adam en Eva in die paradys; 3. Noag bou 'n ark (sonvloed); 4. Abram moet vir Isak offer ; 5. Simson en Delilla 6. 10 plae; 7. Dawid gekies as koning; 8. Daniël in die leeukuil; 9. die verlore seun; 10. geboorte van Christus